

# Gebedsfokus

## September 2024

*"Wees altyd bly; bid sonder ophou; wees in alle omstandighede dankbaar; want dit is God se wil vir julle in Christus Jesus."*
*1 Tessalonisense 5:16-18 Afr20*

**Maandag 2 September:** Bid vir die mense in Jemen, waar die geweld voedseltekorte veroorsaak en noodsaaklike dienste ontwrig. FEBA Jemen saai daagliks 60-minuut kortgolf programme uit, en die stasie ontvang 3,000 reaksies per maand! Bid dat God FEBA Jemen en sy luisteraars se geloof en krag elke dag sal vernuwe.

**Dinsdag 3 September:** Ek is tien jaar gelede bankrot verklaar en my vriende het my verlaat. Op 'n dag, terwyl ek bestuur, luister ek na FEBA. Op daardie oomblik het ek begin huil en ek kon nie ophou nie. Ek het God se deernis en roeping duidelik gevoel. Hy het genade en liefde teenoor my betoon. Daarna het ek besluit om die Here te aanvaar. Ek volg Hom vandag nog." (FEBA-luisteraar in Sentraal-Asië)

**Woensdag 4 September:** "U wys my die pad van die lewe: oorvloedige vreugde in u teenwoordigheid, lieflikhede in u regterhand, vir altyd." (Psalm 16:11 Afr20)

**Donderdag 5 September:** Die Siddhi, of Sheedi, is 'n etniese minderheidsgroep van Afrika-afkoms wat in Indië en Pakistan woon. Hulle tel onder die uiterste kantlyn- gemeenskappe, en in die Indiese samelewing word hulle beskou as gelykstaande aan die "onaanraakbares" of Dalits. Bid dat FEBA se uitsendings die Siddhi-mense met die Goeie Nuus van God se genade sal bereik.

**Vrydag 6 September:** Bid vir FEBA se leiers wêreldwyd. Elke land het sy eie uitdagings – van vervolging tot armoede – en dis die leiers se taak om hul spanne op die regte pad te lei terwyl hulle Christus na die wêreld toe neem deur media. Bid dat God Sy krag en wysheid aan die FEBA-leiers bekend sal maak.

**Dinsdag 24 September:** "Ek dank God nie vir al die swaarkry in my lewe nie – maar ek dank God dat ek deur al hierdie swaarkry geleer het om op Hom alleen te vertrou en te steun. Mag God julle almal seën met liefde in Jesus Christus!" (FEBA Bybel-korrespondensiekursus student in 'n Thai gevangenis)

**Woensdag 25 September:** "Wees altyd bly; bid sonder ophou; wees in alle omstandighede dankbaar; want dit is God se wil vir julle in Christus Jesus." (1 Tessalonisense 5:16-18 Afr20)

**Donderdag 26 September:** FEBA saai na verskeie etniese minderheidsgroepe uit, waaronder die Akha-mense wat in die berge van Laos, Thailand, Mianmar en China woon. Hul godsdiens is animisties en voorvaderaanbidding speel 'n sentrale rol. Bid vir die FEBA Akha Radiospan in hul voorbereiding van nuwe inhoud en bid dat luisteraars die Goeie Nuus sal aanvaar.

**Vrydag 27 September:** Prys God vir die geleentheid om die Goeie Nuus via kortgolfradio uit te saai! Ten spyte van die gewildheid wat internet- en slimfoonplatforms geniet, bly hulle ontoeganklik vir baie mense in afgeleë plekke en geslote lande, maar kortgolfradio kan hulle nog steeds bereik. Bid dat elke FEBA kortgolfuitsending gehoor sal word deur diegene wat dit die meeste nodig het.

**Saterdag & Sondag 28-29 September:** Daar is ongeveer 400 onbereikte mensegroepe in China. FEBA se Liangyou Teologiese Kweekskool lei pastore op om die Goeie Nuus met mense in uitdagende omstandighede te deel. Ten spyte van verskeie hindernisse word FEBA China se programme nog steeds deur miljoene luisteraars afgelaai en God se Woord omskep steeds lewens. Bid vir FEBA China om sterk te staan in hul geloof wanneer hulle die uitdagings van evangelisasie in China bestuur en bid vir die Liangyou Teologiese Kweekskool se instrukteurs en studente om vol te hou met hul studies en hul bediening.

**Maandag 30 September:** Baie etniese minderheidsgroepe het nog nie toegang tot die evangelie in hul hartstaal nie. FEBA glo daarin om moedertaalsprekers te bemagtig om God se Woord met hul eie mense te deel. Vandag saai ons uit in 152 tale en die getal bly klim! Bid vir die vaardighede en geleenthede wat nodig is om meer luisteraars in hul hartstaal te bereik.

FEBA
SUID-AFRIKA

**Saterdag & Sondag 7-8 September:** Min mense besef wat 'n voorreg dit is om geletterd te wees. Meer as 750 miljoen volwassenes wêreldwyd is ongeletterd, wat hulle toegang tot inligting, vaardighede en 'n voldoende inkomste beperk. Hulle kan ook nie die Bybel of ander Christelike lektuur lees wat hulle na Christus toe kan lei nie. Dank God vir radio, wat FEBA toelaat om ongeletterdes daagliks met die Goeie Nuus te bereik! Bid ook dat Hy FEBA in staat sal stel om reg oor die wêreld uit te saai totdat almal gehoor het.

**Maandag 9 September:** Bid vir diegene wat aan verslawing ly. Baie van hulle trap in die verslawingslokval in hul soeke na iets om 'n leemte in hul binneste te vul. Bid dat hulle die ware Bron van vervulling deur FEBA se uitsendings sal ontdek, en dat Hy hulle pyn sal genees.

**Dinsdag 10 September:** "Ek het na 'n Christelike rehabilitasiesentrum gegaan. Dit het my lewe gered! Daar het ek 'n Christen geword en dis waar ek na FEBA se programme begin luister het. Julle het my so baie gehelp. Dankie!" (FEBA Rusland-luisteraar)

**Woensdag 11 September:** "Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking." (Jakobus 5:16 Afr83)

**Donderdag 12 September:** Die Tatar-mensegroep is die grootste etniese minderheid in die Russiese Federasie, met 'n bevolking van meer as 5 miljoen. Meeste Tatare in Rusland beoefen Islam en minder as 1% is Evangeliese Christene. Bid dat Tatar Moslems hul harte sal oopmaak vir die evangelie, en dat God FEBA Rusland se pogings om hulle te bereik, sal seën.

**Vrydag 13 September:** Bid vir die 4.8 miljoen mense in die Filippyne wat einde Julie deur Super-tifoon Carina getref is. FEBA Filippyne se personeel en hul gesinne is ongedeerd, maar van hul huise is beskadig. Prys God vir Sy beskerming en bid vir Sy voorsiening terwyl mense werk om hul wonings te herstel.

**Saterdag & Sondag 14-15 September:** Die Horing van Afrika – wat bestaan uit Ethiopië, Somalië, Eritrea en Djibouti – hou groot uitdagings in vir evangeliste. Ethiopië is onder die top 50 lande op Geopende Deure se Wêreldwaarnemingslys van die moeilikste plekke om 'n Christen te wees, terwyl Somalië en Eritrea onder die top vyf is! FEBA Ethiopië se uitsendings bereik luisteraars reg oor die streek en so ver as Libanon, waar luisteraars Christus al aangeneem het. Bid dat die FEBA Ethiopië-span die moed sal hê om God se Woord met vrymoedigheid te verkondig, asook die wysheid om dit effektief te doen.

**Maandag 16 September:** FEBA Malawi se radiostasie, Litala FM, groei so vinnig dat hulle meer personeel benodig! Ten spyte van baie ekonomiese hindernisse werk die span onvermoeid om God se Woord met Yao Moslems in Malawi en Tanzanië te deel. Bid dat God vaardige, passievolle werkers sal stuur om deel van die FEBA Malawi-span te word.

**Dinsdag 17 September:** "Toe ek besef dat Jesus God is, en dat Hy my liefhet ongeag die hoeveelheid foute wat ek al gemaak het, was dit asof ek weer begin asemhaal het. My bure vertel my ek is soos 'n nuwe mens!" (FEBA Kirgisië-luisteraar)

**Woensdag 18 September:** "God bewys egter sy liefde vir ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was." (Romeine 5:8 Afr20)

**Donderdag 19 September:** Die Rohingya-mense word beskou as die mees vervolgde etniese minderheidsgroep ter wêreld. Alhoewel hulle in Mianmar woon, is hulle tegnies "staatloos". Meeste Rohingyas is Moslems en hulle is dikwels die teikens van gewelddadige aanvalle. Bid dat die Rohingyas hul harte sal oopmaak vir FEBA Mianmar se pogings om hulle te bereik, sodat hulle 'n tuiste in Christus kan vind.

**Vrydag 20 September:** Bid vir FEBA Mosambiek se stasie in Cabo Delgado, waar hulle te kampe het met die gewelddadige jihadiste-inval. Bid ook vir gesondheid en krag vir die hele FEBA Mosambiek-span terwyl hulle werk om 'n sewende stasie te vestig en voortgaan om God se Woord regdeur die land te verkondig, veral in dele waar heksery toeneem.

**Saterdag & Sondag 21-22 September:** 21 September is die VN se Internasionale Dag van Vrede, wat steeds 'n skaars artikel is in baie dele waar FEBA werk. Soldate op die front, burgerlikes wie se lewens deur gewelddadige konflik versuur word, en vlugtelinge van oorloggeteisterde lande het al vertroosting en hoop gevind in die Goeie Nuus wat FEBA uitsaai. Bid vir 'n einde aan die oorlog tussen Rusland en Oekraïne, die jihadiste-invalle in Mali en Mosambiek, en die onrus in Mianmar en Jemen. Bid ook vir al die FEBA-personeel en -luisteraars wat daagliks oorlog in die gesig moet staar terwyl hulle na vrede smag.

**Maandag 23 September:** Vandag is die Internasionale Dag vir Gebaretale. Het jy geweet FEBA Viëtnam werk saam met die Viëtnam Dowe Bybelgenootskap om gebaretaal-vertalings vir FEBA se video's te maak? Prys God vir dié geleentheid en bid dat Hy Sy Dowe kinders deur FEBA se video-uitsendings reg oor die wêreld sal bereik.